# Liturgiese Riglyne

**NAGMAAL**

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Groei jy geestelik?

**Skriflesing**:
2 Korintiërs 13
(1983)

**Teksvers**:
2 Korintiërs 13:9-13

**Sing**:
Ps 118:12,13
Ps 119:49,51
Sb 17-3
Ps 23:3
Ps 145:1,2,3...
Ps 148:1,3,5
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

So kom die reeks preke oor 2 Korintiërs tot sy einde. Mens het nogal gewonder oor Paulus se bedoelinge in hierdie skrywe. Soms was hy humoristies of sarkasties en soms selfs behoorlik vies of onthuts. In woorde was hy ook nie altyd so sag nie.

Dis nogal te verstane as mens eers sy ware doel of bedoeling snap.

Hy het volgens ons teksvers die gemeente se beste voordeel in gedagte. Hy doen sy werk al ontstel dit soms ook die luisteraars of lesers. Alles in die lyn van hulle geestelike groei tot volwassenheid. Dan kan Paulus en ook ons die sonde nie verdra of té sagkens hanteer nie.

Mag die prediking van hierdie afgelope ses maande ook bydra tot jou geestelike volwassenheid.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus

**Skriflesing:**
Galasiërs 5:1-15
(2020)

**Teksvers**:
Galasiërs 5:14; 6:2

**Sing**:
Ps 119:1,4
Ps 23:3
Ps 118:1-4
Ps 25:6,7
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Daar is verskeie maniere waarop ons die begrip "*wet*" kan verstaan. Daar is in die eerste plek die 10 Gebooie, wat ook bekend staan as die sedewet. Daarmee saam word ook die eerste 5 boeke van die Bybel die wet genoem. Daarin vind ons die seremoniële wette sowel as burgerlike wette.

Noudat ons die Kategismus behandel het oor al 10 gebooie, kom ons by die vervulling van die wet deur ons Here Jesus. Maar so word ons ook geroep om die wet te vervul.

Ons kyk in besonder na die Nagmaal en die wyse waarop ons hierdie opdrag kan nakom.



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 49 Nr 19 9 Junie 2024**

## Statistieke

Die afgelope maand het ons weer die jaarlikse statistieke van ons gemeente vir die Admin Buro en Almanak aangestuur. Ek dink altyd aan Dawid wat gestraf is omdat hy die volk getel het (1Kron 21). Ek glo eerlik dat ons nie te veel gepla moet wees oor getalle in die kerk nie. Statistieke kan op verskeie maniere gebruik en misbruik word. Die Here ken sy kinders. Hy het hulle name in sy handpalms gegraveer (Jes 49:16). En Jesus sê self: "*Baie is geroep, maar MIN is uitverkies*" (Matt 22:14). Laat ons dus oppas daarvoor dat groot getalle ons nie bedrieg nie.

Dit is veral 'n bekommernis dat ons kon sien dat die getalle van GK Centurion verlede jaar begin daal het. Terwyl die syfers die afgelope dekades in die algemeen in die kerkverband van die GKSA skerp gedaal het, het Centurion steeds stabiel gebly net so oor die 1000 belydende lidmate en ongeveer 350+ dooplidmate. Nou het die daling ons ook begin affekteer. Op hierdie jaar se statistiekvorms (data van 2023) daal ons met 53 volwassenes en 16 dooplidmate. Dit is te wagte dat ons getalle sal bly daal weens o.a. immigrasie en veral ook die emigrasie suidwaarts na die Wes-Kaap. Die verwagte groei in Centurion weens demografiese beweging (maw inkomende attestate) het waarskynlik al 'n geruime tyd sy plato bereik.

Kyk u na die attestate in en uit vir hierdie jaar lyk dit of sake tans ongeveer gelykop verloop. Dit is veral te danke aan talle opnames en bekerings deur evangelisasie (veral deur Koningskinders en Alethea-bediening) - verlede Sondag se mooi dope en belydenisafleggings in die gekombineerde erediens was 'n getuienis dat die Here hierdie gemeente seën en sy kandelaar hier nie wil verwyder nie (Op 2:4,5).

En daar is nog 'n aantal belydenisafleggings en dope wat binnekort plaasvind. Ons dank die Here vir hierdie besondere genade aan ons gemeente.

Dit bly egter die vraag of ons genoeg doen aan die uitdra van die evangelie na buite en vra dat elke lidmaat biddend soek na geleenthede vir sending en evangelisasie en met 'n positiewe, biddende hart daaraan meedoen en daarin meewerk.

Ds Maarten

# ALGEMENE INLIGTING

**EREDIENSTYE**

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Gereformeerde Kerk Centurion — Groei na Christus

*Die nuwe lewe in Christus!*

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS**: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS**: Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET**: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK**: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

| **KOLLEKTES** | | **Instandhoudingsfonds** |
|---|---|---|
| Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens ) | Vandag: **Emeritaatsversorging** (by die deure) | |
| Volgende week: Barmhartigheid | Volgende week: Christelike Onderwys | |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za



# VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Ter Approbasie:**

Oudl: Jan-Louis Bezuidenhout, Pieter vd Dussen
Diak: Wessel Brits, Wouter Styger

**Onthef van die roeping:** Oudl: Emil Fourie

**Ontslag** word toegestaan op 14 Julie 2024 tydens die aanddiens, aan:
Oudl: Douw Breed, Johann Verreynne, Cobus Buys

## Attessake soos op 6 Junie 2024

**Met attestaat aangesluit.**

Hercules Aucamp van GK Randburg (C02)
AJ van der Walt van GK Magol (B12)
Nelize Swanepoel van GK Bethal (A16)
Thinus en Aliska du Plessis en 1 dooplidmaat van GK Rietvallei (B18)
Vernon en Lindsey Morton van GK Bergbron (A07)
Melinda van der Erve van GK Kandelaar (E01)
Christoff Bekker van GK Potgietersrus (B17)
Esmarie vd Merwe van GK Cachet (B06)

**Opnames:**

Anri Boshoff (A18)
Liam Pilkington (E01)
Etienne de Beer (A07)
Dillen Claassens (B02)
Evah Manamela (E01)
Jakes en Elsabé van der Merwe (A14)
Elma Human (A10)
John Goosen (A09)
Erhardt Dorfling (E01)
Lebo Mtshweni (E01)
Constant Benadé (B14)

**Met attestaat vertrek:**

Juan en Renette Harmse en 1 dooplidmaat na GK Tsumeb (B01)
Ds Gerrit en Rika Kruger na GK Burgersdorp (B07)
Willie en Elize Kruger vertrek na GK Wierdapark (B16)
Paul Sweers vertrek na GK Pretoria-Brooklyn (A05)
Marnus en Mariné du Plessis na GK Oos-Moot (A14)
Hugo en Hannelie Herselman na GK Bellville (B18)
Hennie en Daleen Kruger na GK Jeffreysbaai (B08)

**Gemeenskap beëindig**

Riaan en Cecile Henning en 1 dooplidmaat na KSM (B12)
Christo Smit na Hervormde Kerk Tuine - Rustenburg (C03)
Hans van der Merwe en 3 Dooplidmate na Hervormde Kerk Pretoria-Oos (C10)
Billy du Toit na Hervormde Kerk - Midstream Familiekerk(C13)
Faith Keitsemore (E01)

## Eljada Huis

Eljada Huis vier hierdie maand hulle 13de verjaarsdag!! Groot en verdienstelike werk word daar in Pretoria-Wes gedoen!! In hulle nuusbrief skryf Petro Slater die volgende:

"*Vir die afgelope 13 jaar kon ons dalk nie al die swaarkry van ons mense verlig nie, maar voed ons hulle eerstens met Die Woord en dan hulle fisiese behoeftes*."

Hulle het nog steeds ons hulp nodig. Kos soos rys, pasta, soja, mieliemeel, suiker, toebroodjiesmeer, margarien, olie, soppoeier, koekmeel, boksmelk, enige blikkies vleis, vis, en groente.

Toiletware: badseep, toiletpapier, skeermesse, tandepasta, lyfroom, ens.

Warm klere, komberse, wol, speelgoed, volwasse doeke, en kombuisware.

Hulle bak op groot skaal vir 'n inkomste en het hulle "*spyskaart*" uitgebrei met diabetiese -beskuit en -koekies. Ons plaas hulle nuusbrief en bestelvorm vir die gebak op die kennisgewingbord en plaas ook 'n paar bestelvorms voor in die kerk. Ondersteun hulle asseblief!

Ons waardering vir almal wat gereeld iets in Eljada se trollie plaas onder die olyfboom. Merk dit asb net duidelik! Baie dankie!

Liesje Kuperus 083 481 1160




| Dankoffers ontvang soos op 31 Mei 2024 | | | |
|---|---|---|---|
| **Maand** | **Ontvang** | **Begroot** | **Surplus / (Tekort)** |
| Maart | 599 100 | 574 833 | 24 267 |
| April | 556 339 | 574 833 | (18 494) |
| Mei | 677 542 | 574 833 | 102 709 |
| **Jaar tot Datum** | **2 892 937** | **2 874 167** | **18 770** |
| Ruil, Koop en Verkoop groep - Jaar tot Datum | | | 23 861 |



# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 09-Jun | Shinè | Mc Cabe | A16 | 27833813581 |
| | Casper | Venter | B08 | 27828536637 |
| | Karin | Verreynne | C11 | 27829555369 |
| | Rudie | Vorster | A16 | 27647599366 |
| 10-Jun | MJ | Erasmus | A10 | 27846741108 |
| | Lucia | van Wyk | C02 | 27834495679 |
| 11-Jun | Edmund | de Beer | A11 | 27761197018 |
| | Riana | v Jaarsveld | B03 | 27828516869 |
| 12-Jun | Wynter | du Plooy | B10 | 27825252169 |
| | Jan | Guldemond | A01 | 27834007598 |
| | Ellie | Klöckner | E01 | 27829287802 |
| | Henk | vd Meschts | B09 | 27843060199 |
| | Anne-Marie | Venter | C11 | 27836448080 |
| 14-Jun | Dries | Cronje | C01 | 27726180950 |
| | Jade | Cronje | A16 | 27765559632 |
| | Wander | Faber | C07 | 27845481860 |
| | Ronell | Hoogenboezem | A03 | 27832923534 |
| | Talita | Jacobs | C14 | 27823258834 |
| 15-Jun | Emil | Fourie | B11 | 27826702759 |
| | Letitia | Lubbe | A09 | 27716852610 |
| | Marijke | Rebel | A01 | 27848643533 |
| | Attie | vd Walt | E01 | 27824935328 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 09-Jun | Ilnah | van Wyk | B15 | 27766487423 |
| | Jané | Venter | C10 | 27723803963 |
| 10-Jun | Cornell | Engelbrecht | A14 | 27726981649 |
| 12-Jun | Xander | du Preez | A01 | 27734443444 |
| | Mila | Kruger | A18 | 27649039993 |
| 13-Jun | Jonay | Krynauw | B13 | 27645459030 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Sonja vd Dussen sterk aan na 'n operasie (B17—082 413 7309).
- Ria Vorster sterk aan in Greentrees Stepdown (A17—082 855 1305).
- Renier vd Merwe sterk tuis aan (A18—071 683 6873).
- Isabel Pretorius gaan komende week verdere behandeling ontvang (B12—654 1265).
- Koos Lessing sterk aan in Unitas Hospitaal na 'n val (B4—654 7263).
- Doreen Reynecke sterk aan na 'n rugoperasie in Groenkloof Hospitaal ( C8—083 501 4368).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Passage: 2 Cor 13

Rev Maarten van Helden

**Klein advertensies:**

**Huiskontrakteur –** herstel/waterdigting van dakke; verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u, die verkoper, se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

**Belasting Konsultant.** Individue, Besighede en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax @gmail.com

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkapmasjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerkmasjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Bouplanne**—Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitekwerk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en opdatering van bestaande onvolledige planne insluitend Stadsraad goedkeurings.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## Koningskinders

Namens die Koningskinders wil ons almal bedank vir jul ruimhartige bydraes met die klere, skoene, ens, wat ons ontvang het. Dit word opreg waardeer.

Ons het 'n groot behoefte aan **winterklere** vir die **6-11** jariges.

Helena 079 751 1957

*Kom soek, ruil, verkoop, adverteer enigiets. Skenk 15%⁺ van jou suksesvolle verkope aan die kerk.*

*Vra vir ds. Maarten om jou op die groep te plaas **of** sluit aan deur skakel te volg:*

https://chat.whatsapp.com/G574OYsYKT1C6i1scsMloF

## Nagmaalsete
**9 Junie om 12:00**

U word hartlik uitgenooi na die (sop en brood), Nagmaalsete.



Bring:
Sopbakkie, lepel, glas, drinkgoed en stoel.



## Jag-vir-jou-Kerk



Die jagseisoen is oop!!

Ondersteun die Projekspan en skenk 'n bok vir die Kerk. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel met Kobus Joubert – 0798738219

Fondse ten bate van die Instandhoudingsfonds.






## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

| | |
|---|---|
| **9 Jun** | |
| Anika Lindeque | A8, A9, A11, A14 |
| Esmé vd Berg | C1,C15 |
| Larrie vd Bergh | B14 |
| **07 Julie** | |
| Magda vd Schyff | A3 |
| Thereza Myburgh | B1 |
| Madelein van Zyl | C9 |



## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/ herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan.

Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.